Watter beginsels is belangrik in die oorskakeling van 'n wykssisteem na 'n kleingroepsisteem?

Danie O'Kennedy & Gerrie van Niekerk

Danie O'Kennedy is leraar vir onderlinge sorg en alternatiewe bediening en Gerrie van Niekerk voltydse bestuurskonsultant en versorgingsleier in Helderberg gemeente.

Daar is talle gemeentes wat wil oorskakel van 'n versorgingstruktuur wat hoofsaaklik op wyke gegrond is na 'n stelsel waar kleingroepe die basis vorm. Die vraag is: *Hoe doen 'n mens hierdie oorskakeling?*

Die volgende is 'n paar moontlike riglyne wat gemeentes kan help (die riglyne word nie noodwendig in volgorde van belangrikheid gerangskik nie).

- ***Gemeenteleiers met 'n passie vir kleingroepbediening moet saam begin bid.*** Gebed het 'n belangrike rol in Jesus se bediening gespeel (vgl Luk 3:21; 6:12; 10:21; 22:39-42; e a). Ons glo dat die gebed van 'n gelowige 'n kragtige uitwerking het (Jak 5:16); daarom kan ons nie verandering en die krisisse wat daarmee gepaard gaan sonder God en gebed aanpak nie.
- ***Motiveer alle leraars en so veel as moontlik gemeenteleiers.*** Die oorskakeling sal moeilik plaasvind indien net een of twee leiers sterk oor die saak voel. Die hele leraarspan moet dieselfde visie deel en tyd spandeer met die ander leiers sodat so veel as moontlik leiers die proses ondersteun.
- ***Deel met ander wat die Bybel oor kleingroepe sê.*** As 'n Gereformeerde kerk glo ons dat God deur sy Woord mense aanspreek en verander (2 Tim 3:16-17). Lidmate sal moet hoor dat koinonia of liefdevolle geestelike verhoudings 'n kernsaak in die Bybel is en dat kleingroepe 'n manier is om hierdie koinonia te bevorder. Die Bybelse boodskap hieroor sal op verskillende maniere oorgedra moet word: prediking, wyksbyeenkomste, Bybelstudiegroepe, kerkraadsvergaderings, ens. Hou byvoorbeeld 'n reeks eredienste oor die eerste gemeentes in die Nuwe Testament (Hand 2:43-47; 16:40; Rom 16:5; 1 Kor 16:19; Kol 4:15; Filem 2) of die "mekaar" tekste in die Bybel (Rom 12:10, 16; 15:7; Kol 3:12-17; 1 Kor 12:25; Gal 6:2; Ef 4:32; 1 Tess 5:11; Jak 5:16; 1 Petr 4:9-10).
- ***Vestig 'n projekspan/kommissie wat die proses bestuur.*** Die kerkraad moet die kleingroep visie deel, maar het nie die tyd om so 'n proses te bestuur nie. Kry 'n groep entoesiastiese lidmate van ongeveer 6-8 persone met verkieslik 'n nie-predikant as voorsitter.
- ***Die voortdurende ontwikkeling van leiers is uiters belangrik.*** Sonder volwasse toegeruste leiers kan daar nie 'n kleingroepbediening wees nie. Die werwing, toerusting, bemagtiging en begeleiding van leiers is van die uiterste belang. Die meeste gemeentes met 'n aktiewe kleingroepbediening skep geleenthede waar leiers op 'n gereelde basis toegerus word.
- ***Luister na lidmate se vrese.*** In enige proses moet daar eerstens geluister word. Lidmate het talle vrese oor kleingroepe soos byvoorbeeld vertroulikheid. Klaar ook onderling uit hoe hierdie vrese hanteer moet word. Kommunikeer presies wat van die groepe en leiers verwag word in die beginfase.
- ***Pasop om bedreig te voel vir lidmate wat inisiatief neem.*** Lidmate leer in kleingroepe om die Woord te lees, hul gawes te gebruik, verantwoordelikheid te neem en diens te lewer.

Die leraars, kerkraad en kommissies moet hierdie lidmate toelaat om hulle gawes op verskillende vlakke te kan uitleef en nie bedreig daaroor voel nie.

- ***Vestig groepe waar die hele familie betrokke is.*** Ongelukkig verdeel baie groepe die huwelik of familie. Dit is uiters belangrik dat daar groepe sal wees waar die hele familie op 'n gereelde basies byeenkom. 'n Wyksgroep waar volwassenes ingedeel is en wat een keer per kwartaal byeenkom, sal nie dieselfde koinonia beleef as 'n omgeegroep van 'n paar families wat een keer per week byeenkom nie.
- ***Getuienisse verander mense se lewens.*** Lidmate wat alreeds die seën van kleingroepe beleef, moet gevra word om daaroor te getuig (bv eredienste, kerkraad, gemeentekoerant, wyke). Lidmate se persepsies word nie eerstens verander deur die preek van 'n leraar of die besluit van 'n kerkraad nie. Hulle begin anders dink as hulle sien en hoor hoe God in mense se lewens werk.
- ***Kyk waar God alreeds in die gemeente werk.*** As daar reeds bestaande verhoudings gevorm is, probeer om daarby aan te sluit. Daar is waarskynlik kleingroepe wat spontaan ontstaan het en waarby lidmate inskakel (bv gebedsgroep by die werk). Alle gemeentes glo dat kinders belangrik is en deel hulle in kleingroepe in wat elke Sondag rondom die Bybel byeenkom. Hoekom stop sommige gemeentes met die tipe kleingroepe?
- ***Leer by ander gemeentes.*** Kerke regoor die wêreld beleef die seën van kleingroepe. Wees bereid om by ander te leer. Luister na hulle stories of gaan besoek so 'n gemeente.
- ***Kyk na verskillende moontlike modelle en vestig 'n eie model.*** Daar is talle kleingroep modelle regoor die wêreld waarvan die volgende drie die bekendste is:
    1. *Selgemeente model* (Ralph Neigbour van Faith Community Baptist Church, Singapoer en Gemeentevreugde van Marius Potgieter);
    2. *Omgeegroep model* van Moreletapark;
    3. *Omvattende kleingroepbediening model* van Willow Creek in Chicago, VSA.

  Moenie net alles slaafs navolg wat ander gemeentes doen en by hulle "werk" nie. Kyk na die beginsels en waardes onderliggend aan elke model en ontwikkel jou eie model vir jou eie konteks. Dit wat werk in 'n voorstedelike onafhanklike makrogemeente in die VSA sal nie noodwendig net so werk in 'n plattelandse NG gemeente in SA nie.
- ***Die totale visie en struktuur van 'n gemeente moet die kleingroepbediening ondersteun.*** In sommige gemeentes ontstaan 'n paar kleingroepe en later kom hulle by 'n plafon of die bediening loop dood. In baie gevalle kom die kleingroepbediening in botsing met die res van die gemeente se struktuur. Maak seker dat die kleingroepbediening nie teenoor die res van die struktuur staan nie. As dit gebeur sal daar bedreiging, skeuring en baie konflik ontstaan. Indien die kleingroepe groei, sal dit die hele gemeente positief beïnvloed. Strewe daarna om die totale bediening van die gemeente te koördineer (bv laat die materiaal van die kleingroepe inskakel by wat in die erediens gebeur). Kyk ook na die spesifieke rol van leraars en ander leiers binne die versorgingstruktuur (bv verhouding tussen huisbesoek en kleingroepbediening).
- ***Vestig die regte waardes, visie en kultuur van die begin af.*** Somtyds kan onbybelse waardes soos selfsug en geestelike hoogmoed deel van die kleingroepbediening wees. In ons gemeente is daar veral vier belangrike elemente of waardes wat deel vorm van die kleingroepbediening: aanbidding; onderlinge sorg (omgee vir mekaar); opbou uit die Woord; uitreiking (diens). Hierdie waardes word voortdurend gekommunikeer. Kleingroepe wat net op een aspek fokus kan eensydig raak.
- ***Gee vir lidmate 'n keuse waar hulle wil inskakel (vrye assosiasie).*** Somtyds kies gemeentes vir 'n tweespoor benadering waar persone deel van 'n kleingroep én deel van 'n wyk is. In die beginfase kan dit werk, maar later is dit beter as lidmate kies waar hulle wil inskakel, by die wyk of by die kleingroep (omgeegroep). Die keuse (wyk of kleingroep) gaan meestal oor verbintenis en nie noodwendig oor geestelike volwassenheid nie. Dit kan ook gebeur dat 'n "wyk" kies om een keer per week of maand byeen te kom. Hulle funksioneer dan as 'n vaste kleingroep met 'n eie identiteit. Die meeste lidmate wil nie meer

voorgeskryf word nie. Hulle verkies om nie "ingedeel" te word nie, maar om aan te sluit by 'n groep mense by wie hulle tuisvoel.

- Die kleingroepbediening moet te alle tye oop wees. Indien lidmate die indruk kry dat die kleingroepbediening die eksklusiewe stokperdjie van 'n paar "hoë-oktaan" Christene is, kan daar nie seën op die bediening wees nie. Dit is wonderlik as persone buite die kerk deel word van die kleingroepbediening.
- ***Kleingroeplede moet gemotiveer word om diens in die wyke lewer.*** In ons gemeente het sommige van die persone wat diens gelewer het in die wyke (wyksleiers, dienswerkers) onttrek nadat hulle by omgeegroepe ingeskakel het. As kleingroepe hul roeping uitleef, sal hulle bereid wees om diens buite die groep te lewer.
- ***Alle persoonlikheids- en sprititualiteitstipes kan lid van 'n kleingroep word.*** Ons moenie dink dat kleingroepe net vir een bepaalde groep lidmate bedoel is nie. In gemeentes regoor die wêreld skakel alle tipe persone in.
- ***Die kleingroepbediening moet lidmate help om geestelik te groei.*** In baie gemeentes is daar wyke waar lidmate mekaar fisies versorg en ondersteun, maar daar vind geen geestelike versorging plaas nie. Kleingroepe gevorm deur vrye assosiasie help mense om 'n geestelike pad met mekaar te stap.
- ***Begin op klein skaal, wees bereid om foute te maak en evalueer voortdurend.*** Daar moet nie net gepraat word nie, maar veral gedoen word. Begin op klein skaal en weet dat julle foute gaan maak. Probeer om voortdurend te evalueer en die foute so gou as moontlik reg te stel. In ons gemeente het daar byvoorbeeld wedywering tussen die wyke en omgeegroepe ontstaan. Die leierskap het baie moeite gedoen om die saak reg te stel.
- ***Dink omvattend oor kleingroepe.*** 'n Kleingroepbediening is meer as net sel- of omgeegroepe. Kyk na die verskillende kleingroepe in die gemeente: jeuggroepe; Bybelstudiegroepe; diensgroepe; gebedsgroepe; wyksgroepe; terapeutiese groepe; sel/omgeegroepe. In die beginfase sal daar waarskynlik op een aspek gefokus word (bv sel/om, maar die leierskap moet weet waarheen hulle op pad is. Somtyds verras die Here 'n mens. In ons gemeente het die Bybelstudiegroepe byvoorbeeld gegroei nadat ons met die omgeebediening begin het. Ons het gedink die Bybelstudiegroepe sou doodloop.

Daar is nie 'n volmaakte resep vir oorskakeling nie. Met God is alles moontlik. Gemeentes wat toelaat dat God deur sy Gees werk, sal verbaas wees oor wat God deur kleingroepe kan doen.